UNIVERSITEIT VAN PRETORIA


# FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

# GOUE JUBILEUM

# GOLDEN JUBILEE

# FACULTY OF VETERINARY SCIENCE

UNIVERSITY OF PRETORIA



Die Fakulteit spreek graag sy opregte dank uit jeens die volgende instansies wie se bydraes die verrigtinge moontlik gemaak het:

1. Die Universiteit van Pretoria.
2. Bayer Agro-Chem. (Edms.) Bpk.
3. Petersens Bpk. (Beecham Afdeling).
4. Ciba (Edms.) Bpk.
5. Elanco Divisie, Lilly Laboratoriums (S.A.) (Edms.) Bpk.
6. Ethnor Laboratoriums (Edms.) Bpk.
7. Glaxo-Allenburys (S.A.) (Edms.) Bpk.
8. Goldfields Veterinary Medical Supplies (Edms.) Bpk.
9. I.C.I. South Africa (Pharmaceuticals) Bpk.
10. Medical Distributors (Edms.) Bpk.
11. Milborrow en Kie. (Edms.) Bpk.
12. M.S.D. (Edms.) Bpk.
13. Optalabor (Edms.) Bpk.
14. Pfizer Laboratoriums (Edms.) Bpk.
15. Pretoria Wholesale Druggists (Edms.) Bpk.
16. S. A. Cyanamid (Edms.) Bpk.
17. T. & C. Scientific Supplies (Edms.) Bpk.



**BOODSKAP VAN**

**DIE REKTOR**

**EN**

**VISE-KANSELIER,**

**PROF. DR.**


**E. M. HAMMAN**

Die jaar 1920 was 'n mylpaal in veeartsenykundige ontwikkeling in Suid-Afrika. Op 'n Raadsvergadering van die Transvaalse Universiteitskollege, voorganger van die Universiteit van Pretoria, het die toenmalige Rektor op 18 Desember 1919 aangekondig: "the institution of the Faculty of Veterinary Science" wat in 1920 begin funksioneer het. Hierdeur het die opleiding in Suid-Afrika van die begin af aan volle akademiese status verkry in teenstelling met die geval in ander lande waar veeartsenykundige opleiding aanvanklik toevertrou was aan veeartsenykundige kolleges. Die invloed van die beroemde Sir Arnold Theiler, wat ook later die eerste dekaan geword het, is in hierdie wyse en versiende besluit herkenbaar. Toe hy homself vooraf bereid verklaar het om op die personeel van die nuwe Fakulteit te dien, was dit op die voorwaarde dat die Fakulteit 'n integrerende deel van die Transvaalse Universiteitskollege vorm, dat Onderstepoort al sy fasiliteite tot die beskikking van die Fakulteit stel en dat daar geen ander fakulteit vir Veeartsenykunde in die Unie gestig word nie.

Die eerste groep van agt studente het in 1924 die graad B.V.Sc. ontvang, maar hoewel die getalle klein in die eerste dertig jaar van die bestaan van die Fakulteit was, het hierdie akademiese inskakeling ongetwyfeld daartoe bygedra dat die personeel en afgestudeerdes van hierdie Fakulteit, 'n belangrike wetenskaplike en professionele rol in Suid-Afrika, in ander lande van Afrika en in die wêreld daarbuite gespeel het en wetenskaplike bydraes van onskatbare betekenis gemaak het. Hiertoe het ook in die grootste mate bygedra die hegte samewerking wat daar steeds was tussen die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort en sy navorsers en die Fakulteit en sy personeel.

Hierdie Fakulteit is die erfgenaam van 'n besondere tradisie. Mag dit steeds 'n aansporing wees om met idealisme en vasberadenheid op die grondslae wat reeds gelê is, in die komende voort te bou.

Dit is vir my 'n groot genoeë om die Fakulteit van harte geluk te wens met die bereiking van hierdie mylpaal in sy geskiedenis en om die beste wense van die Universiteit van Pretoria aan die Fakulteit Veeartsenykunde oor te dra met die viering van sy Goue Jubileum.



**BOODSKAP VAN**

**DIE DEKAAN**

**PROF. DR.**

**C. F. B. HOFMEYR**

Vyftig jaar! en vir 'n oomblik is daar verposing om terug te kyk. Baie name verskyn voor die geestesoog, sommige veeartse wat uit die buiteland gekom het en hulle talente aan Suid-Afrika gewy het, sommige Suid-Afrikaners wat elders studeer het en toe teruggekom het en, ja, sommige graduandi van hierdie Fakulteit. Die meeste is reeds heengegaan, andere is nog met ons. Hulle almal het met gawes van hoof en karakter die veeartsenykundige professie gekies as instrument om diensbaar aan ons land te wees. Vanaf 1920 toe hierdie Fakulteit gestig is, het hulle gearbei aan een van die mooiste en belangrikste menslike aktiwiteite — die onderwys, sodat daar steeds jongeres kon kom om die vaandel van kennis en diens verder te dra.

Met dankbaarheid dink hierdie Fakulteit terug aan diegene wat voorgegaan het en eer hulle nalatenskap. Waar ons voor groot uitdagings en die besondere probleme van ons tydsgewrig te staan gekom het verbind hierdie Fakulteit hom om, met ywer en vasberadenheid, in sy tweede vyftig jaar voort te streef na die beste van sy vermoë.



**BOODSKAP**

**VAN DIE**

**PRESIDENT,**

**S. AFR. VET.**

**MED. VER.**

Dis vir my 'n besondere voorreg om namens die liggaam waarvan meer as 90 persent van die veeartse in Suid-Afrika lede is, op hierdie wyse die hulde en gelukwensing van die professie aan die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria oor te dra.

Meeste Suid-Afrikaanse veeartse het hulle opleiding aan hierdie Fakulteit ontvang, terwyl verskeie van ons senior kollegas elders afgestudeer, maar jarelank hier as dosente opgetree het. Oor die afstand van jare word die swoeg en sweet aan 'n omvattende en veeleisende leerplan vergeet en kan meeste oud-studente met genoë terugdink aan vergange studentejare op Onderstepoort. Hierdie gemeenskaplike agtergrond is in 'n aansienlike mate verantwoordelik vir die gees wat in die veeartsprofessie aangetref word.


Namens die professie wil ek graag hulde bring aan die stigters van hierdie Fakulteit en alle persone wat oor die afgelope halwe eeu daaraan verbonde was. Oral in die wêreld,

en in 'n steeds wyerstrekkende biologiese werkskring, staan die graduandi van hierdie Fakulteit besonder hoog aangeskryf. Daar kan tereg met voldaanheid en tevredenheid teruggekyk word na die vrugte van vooruitsiendheid en toewyding.

Maar daar moet ook na die toekoms gekyk word. Die menslike en dierlike bevolkings van ons land sal ongetwyfeld steeds groter eise aan die kennis en vaardigheid van die veearts stel — en dit word direk deur die standaard van opleiding beïnvloed. Die huidige standaard moet, ten alle koste, behou of verbeter word. Dit mag gaandeweg moeiliker word tensy al die nodige geriewe, fondse, personeel en fasiliteite beskikbaar gestel word. Ek twyfel nie dat dit so sal wees nie. Terselfdertyd wil ek egter beklemtoon dat geen groep groter belang by opleiding het dan die veearts self nie. Die Fakulteit is immers die orgaan wat vir voortplanting en behoud van die spesies verantwoordelik is. Die professie het duidelik beide die reg sowel as die voorreg om gemoeid te wees met veeartsenykundige opleiding in die breedste sin. Ek wil u graag verseker van die steun en samewerking van die Vereniging in hierdie verband.

Aan die Dekaan en die Fakulteit wil ek ons hartelike gelukwense op u 50ste verjaardag oordra — mag u toekoms net so glorieryk as die verlede wees.





## MYLPALE IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE FAKULTEIT

1914: Die wenslikheid van "Veterinary and Agricultural Courses" kom in die Senaat van die Transvaalse Universiteitskollege die eerste keer ter sprake.

1915—1917: Vertoë daaroor word tot die Regering gerig.

1918: Daarstelling van 'n leerstoel vir Veeartsenykundige Geneeskunde en Snykunde binne die Fakulteit van Landbou van die T.U.K.

1918—1919: Verdere vertoë tot die Regering vir 'n volwaardige Fakulteit Veeartsenykunde. Komitee aangestel om die aangeleentheid te ondersoek onder voorsitterskap van G. M. Hofmeyr. Komitee se verslag van Augustus 1919 bevat positiewe aanbevelings oor die instelling van 'n opleidingskursus.

1919 (18 Desember.): Aankondiging deur die Rektor van die T.U.K. van die instelling van die Fakulteit Veeartsenykunde.

1920: Uitbreiding van fasiliteite te Onderstepoort om opleiding in veeartsenykunde moontlik te maak. Fakulteit begin funksioneer. B.V.Sc en D.V.Sc grade aangebied. Eerste ses professore aangestel. Sir Arnold Theiler eerste dekaan.

1924: Eerste groep van agt studente ontvang die graad B.V.Sc.

1926: Besluit dat die laaste vier jaar van die kursus alleenlik op Onderstepoort aangebied word.

1933—1942: Maer jare gevul met stafprobleme, klein studente getalle, opskiet van privaatpraktyk en ernstige tekort aan Staatsveeartse. Toevoeging van departemente van Vleis- en Melkhigiëne, Pluimveesiektes, Soogtegniek en Voedingsleer.

1942: Alle staatsveeartse word toegelaat om aansoek te doen vir vakatures by die Fakulteit. Aansoeke word gekeur deur 'n Fakulteitskomitee en benoemings alleenlik goedgekeur of afgewys deur die Minister van Landbou.

1950: Aanbevelings gemaak deur Fakulteit by die Senaat en Raad van Universiteit Pretoria dat die opleidings organisasie omgeskep word tot 'n „onafhanklike akademiese eenheid van 'n universiteit."

1952—1955: Oprigting van die nuwe Fakulteitsgeboue. Vermeerdering in studentegetal tot 32 per studiejaar.

1958: Hersamestelling van die Fakulteit in vyf voltydse en vier deeltydse opleidings departemente.

1962: Vermeerdering in studentegetal tot 45 per studiejaar.

1963: Instelling van die groep M.Med.Vet. grade.
Instelling van die diploma Dip.V.V.

1970: Planne word beraam om studentegetal uit te brei tot 90 per studie jaar. Instelling van die diploma Dip.Med. Vet. en uitbreiding van die M.Med.Vet. Grade tot 15 spesialiteitsrigtings — effektief van 1971.

**Dekane van die Fakulteit Veeartsenykunde:**

1920—1927 Sir Arnold Theiler, K.C.M.G., Dr.Med.Vet. (Bern), D.Sc. (Cape), Hon. Assoc. R.C.V.S. ens.

1928—1948 P. J. du Toit, B.A. (Cape), Dr.Phil. (Zürich), Dr. Med.Vet. (Berlin) ens.

1948—1950 G. v.d. W. De Kock, Dr.Med.Vet. (Bern), D.Sc. (Rand), M.R.C.V.S.

1950—1951 J. Quin, D.V.Sc., (S.A.).

1951—1955 P. J. J. Fourie, Dr.Med.Vet. (Utrecht), M.R.C.V.S.

1955—1960 H. Graf, B.Sc. (S.A.), D.V.Sc. (S.A.)

1960—1963 R. M. Du Toit, D.V.Sc. (Pret.)

1963—1969 B. C. Jansen, D.V.Sc. (Pret.) D.Sc. (Potch.)

1969 tot nou toe C. F. B. Hofmeyr, D.V.Sc. (Pret.) M. Med.Vet. (Chir.) (Pret.)

## PRYSE/MEDALJES IN DIE FAKULTEIT.

| NAAM | SKENKER | TOEKENNING |
|---|---|---|
| Sir Arnold Theiler-medalje. | Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging. | Vir die student wat die beste in die laaste vier studiejare presteer het. |
| Kliniese medalje. | Wits-tak van S.A.V.M.V. | Vir die beste finalejaarstudent in die kliniese vakke. |
| I.C.I.-prys. | I.C.I. South Africa (Pharmaceuticals) Ltd. | Een prys elk vir die beste student in die finale jaar in: (i) Chirurgie en Geslagkunde. (ii) Geneeskunde en Aansteeklike Siektes. |
| Maybaker Kliniese prys. | Maybaker (S.A.) (Pty.) Ltd. | Vir die beste vordering in kliniese vakke deur 'n student in die finale jaar. |
| Pfizer-prys. | Pfizer Laboratoriums (Edms.) Bpk. | Vir die finalejaarstudent wat die beste praktiese aanleg en bedrewenheid openbaar. |
| S.A.V.M.V. se Reproduksiegroepprys. | S.A.V.M.V. se Reproduksiegroep. | Vir die finalejaarstudent wat die beste in die vak Geslagskunde presteer het. |
| Agricura-prys. | Agricura Laboratoria Bpk. | Vir die finale jaar B.V.Sc-student wat die beste in die vak Patologie oor die hele kursus presteer het. |
| Lilly Laboratories-prys. | Lilly Laboratories (S.A.) (Edms.) Bpk. | Vir die student wat die beste in Pluimveesiektes presteer het. In die finale jaar toegeken. |
| A. S. Ruffel-prys. | A. S. Ruffel (Edms.) Bpk. | Vir die beste student in die vierde studiejaar in die vakke Farmakologie en Toksikologie. |
| Farmer's Weekly-medalje. | Farmer's Weekly. | Vir die beste student in Soötegniek, Voedingsleer, Dierever-sorging en veldbeheer. |
| Major Browngedenkfonds-skenking. | Suid-Afrikaanse Veterinêr-Mediese Vereniging. | Toegeken aan 'n vierde- en derdejaarstudent wat 'n verdienstelike geval is. |
| Zeiss-beurs. | Optical Instruments (Pty.) Ltd. | Een prys elk vir die beste student in onderskeidelik die tweede en derde jaar. |
| Jamie Uys-prys.* | Jamie Uys Filmproduksie Beperk. | Vir die beste draaiboek van nie korter nie as 12 minute deur studente, oud-studente, personeellede en lede van die konvokasie van die Universiteit van Pretoria. Sluitingsdatum 31 Augustus. |
| V.S.R.-eremadalje.* | Verteenwoordigende Studenteraad. | Vir die student wat die beste dienste aan die studentegemeenskap gelewer het. |

* Nie tot die Fakulteit Veeartsenykunde beperk nie.

# AKADEMIESE PERSONEEL

## Dekaan: Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr.

### Departement Anatomie:

| | |
|---|---|
| De Boom, H.P.A., B.V.Sc. (Pret.) | Professor (hoof). |
| Le Roux, J. M. W., B.V.Sc. (Pret.), Dr. Med. Vet. (Hannover) | Senior Lektor. |
| Gerneke, W. H., B.Sc. (S.A.), D.Sc. (Pret.) | Senior Lektor. |
| Smuts, M, B.V.Sc. (Pret.) | Senior Lektor. |

### Departement Chirurgie:

| | |
|---|---|
| Hofmeyr, C. F. B., D.V.Sc. (Pret.), M. Med. Vet. (Chir.) (Pret.) | Professor (hoof). |
| Roos, C. J., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor. |
| Trengove, R. B., B.Sc. (U.O.V.S.), B.V.Sc. (Pret.) M. Med. Vet. (Pret ) | Lektor. |
| Jordan, W. J., M.V.Sc. (Liverpool), B.Sc. (Edin.) M.R.C.V.S. | Lektor. |

### Departement Fisiologie:

| | |
|---|---|
| Brown, J. M. M., D.V.Sc. (Pret.) | Professor (hoof) |
| Owen, N. C., B.V.Sc. (Pret.), M. Med. Vet (Phys.) (Pret.) | Senior lektor. |
| Vakant | Senior lektor (deeltyds.) |

### Departement Geneeskunde:

| | |
|---|---|
| Van der Walt, K., B.V.Sc. (Pret.) | Professor (hoof) |
| Adelaar, T. F., B.V.Sc. (Pret.) | Mede-professor. (deeltyds) (in Toksikologie). |
| Malherbe, W. D., D.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor. (in Kliniese Patologie). |
| Loveday, R. K., B.V.Sc., (Pret.) | Senior lektor. |
| Jenkins, W. L., B.V.Sc. (Pret.), M. Med. Vet. (Pharm. et Tox.) (Pret.), Ph.D. (Missouri.) | Senior lektor. |
| Van Staden, J., B.V.Sc. (Pret.) | Lektor. |
| Vakant | Lektor. |

### Departement Geslagkunde:

| | |
|---|---|
| Van Heerden, J. S., B.VSc. (Pret.) | Professor (hoof). |
| Schutte, A. P., B.V.Sc. (Pret.), M. Med Vet. (Gyn.) (Pret.), Spec. Doct. (Gent) | Senior lektor. |
| Vakant | Senior lektor. |
| Mapletoft, R., D.V.M. (Ont.) | Lektor. |

## Departement Infeksiesiektes:

| | |
|---|---|
| Jansen, B.C., D.V.Sc. (Pret.), D.Sc. (Potch.) | Professor (deeltyds) (hoof) (in Bakteriële Siektes). |
| Verwoerd, D. W. D.Sc. (Pret.) D.V.Sc. (Pret.) | Professor honorêr |
| Bigalke, R. D., D.V.Sc. (Pret.), D.A.P. en E. (London) | Senior lektor (deeltyds) (in Protosoölogie en Protosoësiektes) |
| Weiss, K. E., D.V.Sc. (Pret.) | Mede-professor (deeltyds) (in Virologie en Virussiektes). |
| Cameron, C. M., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (deeltyds) (in Bakteriologie en Bakteriese siektes). |
| Lambrechts, M. C., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (deeltyds) in Staatsveterinêre Medisyne en Veterinêre Regskennis) |
| Coetzee, L., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (deeltyds) (in Pluimveesiektes). |
| Erasmus, B. J., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (deeltyds) (in Virologie en Virussiektes) |
| De Vos, A. J., B.V.Sc. (Pret.) | Lektor (deeltyds) (in Protosoölogie en Protosoësiektes). |
| Du Preez, J. H., B.V.Sc. (Pret.) | Lektor (deeltyds) (in Pluimveesiektes). |
| Howell, P. G., D.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (deeltyds (in Virologie en Virussiektes). |

## Departement Parasitologie:

| | |
|---|---|
| Reinecke, R. K., D.V.Sc. (Pret.) | Professor (in Helmintologie). |
| Howell, C., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (in Entomologie) |

## Departement Patologie:

| | |
|---|---|
| Smit, J. D., B.V.Sc. (Pret.) | Professor (deeltyds) (hoof) |
| Tustin, R. C., B.V.Sc. (Pret.) | Senior lektor (deeltyds). |
| Van den Heever, L. W., B.V.Sc. (Pret.), Dip. V.V., M.Med.Vet. (Hyg.) (Pret.), F.R.S.H. | Senior lektor (in Veterinêre Voedselhigiëne en Volksgesondheid). |

| | |
|---|---|
| Basson, P. A., B.V.Sc. (Pret.) ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Lektor (deeltyds). |
| Pienaar, J. G., B.V.Sc. (Pret.) ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Lektor (deeltyds). |
| Van Rensburg, I. B. J., B.V.Sc. (Pret.) ...... ...... ...... ...... | Lektor (deeltyds). |
| Giesecke, W. H., Dr. Med. Vet. (F.U. Berlin) ...... ...... | lektor (deeltyds in Voedselhigiëne). |

**Departement Soötegnologie:**

| | |
|---|---|
| Osterhoff, D. R., Dr. Agr. (Giessen), D.Sc. (Agric.) (Pret.) ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Professor (in Soötegniek) (hoof). |
| Sutton, G. D., B.V.Sc. (Pret.) ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Senior lektor (in Diereversorging). |
| Boyazoglu, P. A., B.V.Sc. (Pret.), Ph.D. (Minn.) ...... ...... | Senior lektor (in Voedingsleer). |
| Grünow, J. O., D.Sc. (Agric.) (Pret.) ...... ...... ...... ...... | Senior lektor (in Weidingsleer). |
| McFarlane, I. S., B.V.Sc. (Pret) ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Senior lektor (in Soötegniek) |

## GRADE EN DIPLOMAS VERLEEN

| | |
|---|---|
| (a) Baccaleureus in Veeartsenykunde, aangedui deur ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | B.V.Sc. |
| (b) Magister in Veterinêre Medisyne, aangedui deur (15 spesialiteitsrigtings) ...... ...... ...... ...... | M.Med.Vet. |
| (c) Doktor in Veeartsenykunde, aangedui deur | D.V.Sc. |
| (d) Diploma in Veterinêre Volksgesondheid, aangedui deur ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Dip. V.V. |
| (e) Diploma in Veterinêre Medisyne, aangedui deur ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... | Dip.Med.Vet. |

**FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE — GOUE JUBILEUM**

# PROGRAM

**Maandag 28ste September:** Vyfde Arnold Theiler Gedenklesing Die Musaion, Universiteit van Pretoria. 8 nm.

1. Verwelkoming: Die Rektor — Prof. Dr. E. M. Hamman.
2. Voorstelling van Spreker: Die Dekaan — Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr.
3. "Die Veeartsenykundige Professie en sy plek in die wetenskaplike ontwikkeling van Suid-Afrika." Prof. Dr. Douw G. Steyn.
4. Bedanking: Prof. K. van der Walt.
5. Verversings.

**Dinsdag 29ste September:** Ope Dag. Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria.

BY DIE KAMPUS TE ONDERSTEPOORT

| | |
|---|---|
| 9.00 vm. | Verwelkoming: Die Dekaan — Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr. |
| 9.10 vm. | Gelukwense: Die Direkteur van die Navorsingsinstituut van Veeartsenykunde — Prof. Dr. K. E. Weiss. |
| 9.20 vm. | Gelukwense: President van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Mediese Vereniging — Dr. L. W. Van den Heever. |
| 9.30 vm. | Geleentheidstoespraak: Prof. Dr. C. H. Rautenbach (Rektor Emeritus). |
| 10.00 vm. | Bekendstelling van skenking van sierteken deur die studente. |
| 10.10 vm. | Bedanking: Prof. H. P. A. De Boom. |
| 10.20 vm. | Tee. |
| 11.00 vm. | Begeleide toer deur die Fakulteit. |
| 1.00 nm. | Verversings en middagete. |
| 2.15 nm. | Films. |
| | Afsluiting: Prof. Dr. J. M. M. Brown. |

BY DIE HOOF KAMPUS, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

Banket aangebied deur die Dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria en Mevr. C. F. B. Hofmeyr ter viering van die Fakulteit se Goue Jubileum. 29ste September, 1970.

7.30 nm. vir 8.00 nm. in die Rautenbachsaal.

8.00 Tafelheer: Prof. J. S. van Heerden.

1. Tafelgebed.
2. Die Staatspresident.
3. Heildronk op die Fakulteit Veeartsenykunde: Die Rektor — Prof. Dr. E. M. Hamman.
4. Bedanking: Die Dekaan — Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr.

FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE — GOUE JUBILEUM

# PROGRAM

**Maandag 28ste September:** Vyfde Arnold Theiler Gedenklesing Die Musaion, Universiteit van Pretoria. 8 nm.

1. Verwelkoming: Die Rektor — Prof. Dr. E. M. Hamman.
2. Voorstelling van Spreker: Die Dekaan — Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr.
3. "Die Veeartsenykundige Professie en sy plek in die wetenskaplike ontwikkeling van Suid-Afrika." Prof. Dr. Douw G. Steyn.
4. Bedanking: Prof. K. van der Walt.
5. Verversings.

**Dinsdag 29ste September:** Ope Dag. Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria.

BY DIE KAMPUS TE ONDERSTEPOORT

9.00 vm. Verwelkoming: Die Dekaan — Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr.
9.10 vm. Gelukwense: Die Direkteur van die Navorsingsinstituut van Veeartsenykunde — Prof. Dr. K. E. Weiss.
9.20 vm. Gelukwense: President van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Mediese Vereniging — Dr. L. W. Van den Heever.
9.30 vm. Geleentheidstoespraak: Prof. Dr. C. H. Rautenbach (Rektor Emeritus).
10.00 vm. Bekendstelling van skenking van sierteken deur die studente.
10.10 vm. Bedanking: Prof. H. P. A. De Boom.
10.20 vm. Tee.
11.00 vm. Begeleide toer deur die Fakulteit.
1.00 nm. Verversings en middagete.
2.15 nm. Films.
Afsluiting: Prof. Dr. J. M. M. Brown.

BY DIE HOOF KAMPUS, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

Banket aangebied deur die Dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria en Mevr. C. F. B. Hofmeyr ter viering van die Fakulteit se Goue Jubileum. 29ste September, 1970.

7.30 nm. vir 8.00 nm. in die Rautenbachsaal.
8.00 Tafelheer: Prof. J. S. van Heerden.

1. Tafelgebed.
2. Die Staatspresident.
3. Heildronk op die Fakulteit Veeartsenykunde: Die Rektor — Prof. Dr. E. M. Hamman.
4. Bedanking: Die Dekaan — Prof. Dr. C. F. B. Hofmeyr.